**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 7 - 21
Teks: **Markus 3: 21**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 103: 8, 9**
**TYDENS EREDIENS- Sb. 5-3 (8): 1, 2; Ps. 2:1, 6; Ps. 133:1,2; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb. 10-2:1**
**<u>Markus 3: 7 – 30</u>**

Mar 3:7 Jesus het toe met sy dissipels teruggegaan na die see toe. 'n Menigte mense het van Galilea af agter Hom aan gegaan. Ook van Judea af,
Mar 3:8 en uit Jerusalem en van Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, het daar baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.
Mar 3:9 Weens die gedrang het Hy vir sy dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg te hou sodat die mense Hom nie vertrap nie.
Mar 3:10 Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.
Mar 3:11 As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: "U is die Seun van God!"
Mar 3:12 Maar Hy het hulle baie uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.
Mar 3:13 Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle het na Hom toe gekom.
Mar 3:14 Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.
Mar 3:15 Hulle het ook die mag ontvang om bose geeste uit te drywe.
Mar 3:16 Hy het hierdie twaalf aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem het,
Mar 3:17 Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer van Jakobus – vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê "manne van die donder" –
Mar 3:18 Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër,
Mar 3:19 en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.
Mar 3:20 Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom, sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkie te eet nie.
Mar 3:21 Toe sy familie hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: "Hy het van sy kop af geraak."

**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 7 - 21
Teks: **Markus 3: 21**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 103: 8, 9**
**TYDENS EREDIENS- Sb. 5-3 (8): 1, 2; Ps. 2:1, 6; Ps. 133:1,2; Ps. 23:3; Ps. 116... Sb. 10-2:1**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus – Markus 3 waaruit vanoggend weer gelees het, was ons die vorige twee Sondae by twee verskillende tipes benaderings wat daar tot Jesus was. Die eerste benadering was baie mense wat agter Hom aangegaan het, want het dit vir hulle gegaan Jesus doen dinge vir ons. Hy is die Wonderwerker. HY maak baie mense gesond, ja ek wil dat Hy vir my ook dinge moet doen. Hulle wil nie by Jesus wees om van Hom te leer nie; eintlik hou die mens nie daarvan om onderrig te word nie.

Hulle wil Jesus nie regtig leer ken nie, eintlik was dit al die begin van Jesus se lyding op aarde gewees in watter mate daar van Hom misbruik gemaak kon word. Hulle wat wil dat Hy al meer vir hulle dinge moet doen, so sien hulle Hom as ’n Wonderwerker.

Die werklike rede vir sy koms na aarde, om waarlik aan God se reg te moes voldoen, dit wil hulle nie hoor nie, dit verstaan hulle nie. Dit wat die werklike rede ook vanoggend vir ons Nagmaalviering moet wees. Die goddelike eis en reg dat die loon vir die sonde is die dood. Daar aan die geregtigheid van God voldoen moes word. Alleen Een wat nie sonde gehad het nie en sonde gedoen het nie, alleen so Een kan betaal. Soos die Kategismus in Sondag 5 V/A 15 dit ook duidelik maak met die vraag - ***Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?*** Dan is die antwoord tweeledig- **So een wat 'n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.** Die leer en diepte van so 'n vraag was nie deel van die eerste baie groot groep mense se benadering tot Jesus gewees nie. Dit wat ons benadering wel tot hierdie tafel van die Here vanoggend moet wees.

Ons kom nie na die tafel ter wille van wie ons is nie, ons kom in die eerste plek ter wille van Wie Jesus Christus is. Ware God en ware mens. ***Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?*** (Sondag 6 V/A 16) **Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.** Net so belangrik word ons kom na die tafel bepaal deur V/A 17 van die Kategismus- ***Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?*** **Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.**

Hierdie antwoorde uit die Kategismus gryp ons aan, want al was ons verlede Sondag by ons voorbereiding by die tweede tipe benadering van mense tot Jesus, wat nie geweet het dat daar eendag iets soos die Kategismus sal bestaan nie. Tog was hierdie tweede groep se samestelling deur en deur daarop ingestel, dat die inhoud van die Kategismus, dit wat ons so pas weer bely het, dit die dinge sou wees wat hierdie tweede groep se benadering tot Jesus in alle opsigte sou moes begryp. Hulle wat aan die einde van Jesus se bediening op aarde ook die grootste voorreg kon smaak toe Jesus se aardse lewe op aarde opgeëis sou word, sou hulle die eerste wees om saam met Jesus brood te eet en uit dieselfde beker te drink. Jesus sou met hierdie tweede groep waarby ons verlede Sondag lank stilgestaan het, die eerste Nagmaal wou vier. Die ware koms van Christus sou deel van hulle DNA moes word. Hulle wat dissipels van Jesus moes wees voordat hulle apostels van die Christus kon word.

Jesus roep hierdie twaalf. Intussen doen Jesus steeds wonders, honderde en honderde word van hulle kwale genees, tegelyk duisende en duisende demone word uit mense uitgedryf, Jesus hou nie op om wonders te doen nie. By daardie eerste groep se benadering tot Jesus het ons mos ook in vv. 10-12 die aangrypende gelees - *10 Want Hy het baie gesond gemaak, sodat almal wat vol kwale was, op Hom toegeloop het om Hom aan te raak.11 En elke keer as die onreine geeste Hom sien, het hulle voor Hom neergeval en geskreeu en gesê: U is die Seun van God!*
*12 En Hy het hulle herhaaldelik streng gebied om Hom nie bekend te maak nie.*

Hierdie uitroep van die bose geeste is so ironies dat hulle in ’n sekere sin die waarheid van Wie Christus is, beter begryp het as wat die skares dit kon doen. Hulle wat as Jesus hulle uitdryf neerval en uitroep *U is die Seun van God...* Dadelik mag ons vra wat gaan aan. Die bose ken Christus beter as die mense wat veronderstel was om Hom eintlik beter te ken. Die skares wil weet wat kan Hy vir ons doen, die bose sê *U is die Seun van God ...* Jesus verbied hulle om die waarheid so uit te spreek, want al ken Satan die waarheid sal Hy nooit die draer van kan wees nie. Hy is nie lief vir die waarheid nie, al is die bose in baie opsigte die grootste kenner van die waarheid. Hy wat God haat kan groot dinge spreek maar as dit nie uit liefde vir God gesê word nie, bly dan eerder stil. Liefde vir God, ware opregte liefde is wat God van jou vra en wat ons bereid moet wees om in dankbaarheid na die tafel toe te dring.

***

Want sien ons vandag by hierdie Nagmaal, wat ons sekerlik maar twee Sondae, vandag en volgende Sondag by moet uitkom. Benewens die apostels wat werklik in waarheid en liefde van Christus geleer het, hulle sý volgelinge, wat die apostels moes word sien ons vandag die tekens van ’n derde en ’n vierde benadering wat daar tot Jesus was.

***

Die derde groep gaan ons voor Nagmaal ligtelik by uitkom, die vierde groep met ons nabetragting vandag. Hulle wat sogenaamd hulle as vriende van Jesus voordoen maar wat hulle vriendskap weereens nie in die diepere doel van Christus se koms na die aarde gegrond was nie. Die vierde groep, ons nabetragting groep wat werklike haters van Christus was. Die onmiddellike vraag is waar staan ek- vriend of vyand ... hoe wys ek my liefde... vir hulle wat Christus haat, hoe wys hulle hul haat.

***

Ons wat Nagmaal wil vier, hoe baie van ons toon duidelike tekens van ons is lief vir die Here, maar ons het heeltyd maar ons eie maniertjies. Selfs Jesus se eie broers was aanvanklik manne met hulle eie maniertjies. Dis so belangrik om God in Jesus Christus deur die Heilige Gees op die regte manier te ken voor ek sy tafel betree. Laat ons ons eie maniertjies los! Wat bedoel ons dan nou eintlik by die derde groep. Ons lees weer vv. 20-21... *20 EN hulle het in ’n huis gegaan, en ’n skare het weer saamgekom, sodat hulle selfs nie brood kon eet nie. 21 Toe sy mense dit hoor, gaan hulle uit om Hom in die hande te kry; want hulle het gesê: Hy is buite sy sinne.* Die huis wat ons hier van lees is duidelik ’n huis in Kapernaum, was dit dalk Petrus se skoonma se huis, dit mag wees?

***

Die feit is Jesus het nou die twaalf dissipels gekies, ja Hy het eers op die berg gebid, daarna die twaalf aangewys en toe na hierdie huis in Kapernaum gekom. Hy wat lyk Hom van die menigte op ’n wyse bietjie wil onttrek. Tog kom daar weer ’n skare by daardie huis saam, nie soseer soos daardie eerste menigtes met die vraag wat kan Jesus vir my doen nie, maar hierdie skare gee ’n liefde voor wat ons maklik kan hê, waarvoor ons onsself ook voortdurend moet ondersoek en waarvoor ons versigtig moet wees. Die dinge wat met die liefde te doen het, is dit wat ons altyd ook maar weer versigtig mee moet wees. Liefde is so heilig dat ek altyd met die grootste versigtigheid daaromheen moet werk

***

My liefde vir God en my naaste moet werklik groot wees en mag dit in ons altyd nog weer groter word, maar ek moet myself ook altyd weer in die opregtheid van my liefde toets. Die menigte daar by die huis in Kapernaum toon ’n besorgdheid oor Jesus wat hulle op twee vier terreine uitdruk. Ja, vier! Die een klompie sê dat Jesus besig is om sy gesondheid te verwaarloos. Hy eet nie genoeg nie. Die mense neem te veel tyd van Hom in beslag. Die tweede klompie is hulle wat wil hê Hy moet terugkom Nasaret toe, Hy was vir agtien jaar dan ’n goeie skrynwerker in ons dorp gewees, ja benewens dat Hy sy gesondheid verwaarloos, verwaarloos Hy ook sy eintlike ambag om skrynwerker te wees. Doen wat jy goed kan doen, kom doen weer jou houtwerk, jou pa Josef het dit goed gedoen, jy moet dit ook kom doen. Die derde groep wil Jesus laat verstaan jy het iets van ’n sielkundige probleem- Dit lyk of jy vergeet het Wie jy regtig is. Kom tot jou sinne! Jy is gewoon net die seun van Josef en Maria. Nou praat jy heeltyd van die koninkryk van God. Jy maak asof jy ’n Leermeester is... kom doen ’n slag regtige werk.

Ons as mense is te onbenullig daar in Nasaret en jy is eintlik maar een van ons. Die vierde groep het ’n snaakse tipe waarskuwing. Jy maak jou rug oop. Jy gee die mense al meer aanleiding om jou te beskuldig. Met jou praatjies is jy besig om die leiers uit Jerusalem se aandag op jou te vestig. Hulle gaan jou al meer begin dophou en agtervolg. Ja, kamtige omgee, maar liefde so verplaas! Kortom kom al vier se kamtige liefde daarop neer Vergeet hierdie geestelike besorgdheid en omgee oor skares mense en kom net weer tot jou sinne.

Nou staan en verkondig Hy oraloor die koninkryk van God. Vir die mense lyk dit Hy het geword ’n vreemde man met ’n vreemde boodskap. Hy wat twaalf mense agter Hom aangeroep het, Hy wat hulle nou die groot geheime van die koninkryk wil leer, wat gaan met Hom aan?! Hoe kan Hy maak asof Hy ’n Leermeester van die Woord van God is. Ons het mos ons leermeesters, hier is Skrifgeleerdes, kom doen jy maar net weer jou houtwerk en los die dinge waarmee jy tans besig is. Moet nie maak of jy Iemand en iets is wat jy nie mag wees nie.

***

Broeder en suster, verplaasde liefde, ’n omgee so verkeerd begrond kan in God se koninkryk ’n baie verkeerde en gevaarlike tipe van liefde wees. Mag die Here gee dat ons liefde en omgee waarlik ook reg begrond is. Ons kom met verantwoorde liefde ook na die tafel van die Here vandag. Dadelik besef ons ook as liefde en omgee nie reg begrond is nie, dan is dit nie net gevaarlik nie, maar in so baie opsigte ook nie volhoubaar nie. In ons huwelike en gesinne moet dit liefde wees wat liefde wek, in die kerk soveel te meer liefde wat moet liefde wek. Dan kom ons kerk toe, ons sien regtig uit na elke erediens, ek gee my dankoffer, ons leef as gemeenskap van heiliges, dag na dag, week na week hartlik saam, want ons liefde vir God dring my om Christus op die wyses te dien wat Hy gedien wil wees.

Hy wil nie gedien word met ’n gemaakte liefde, ’n halfhartige omgee, maar ek wil nie waarlik by Hom leer wat die werklike diepte en geheim van sy ware koms na hierdie aarde was nie. Mense wat voorgegee het naby Jesus te wees, wat Hom al meer as vreemd en onverantwoordelik begin beskryf het. Dit is mos nie normaal om elke dag van die koninkryk van God te praat nie. Is dit nie hoe ons ook dikwels dink nie? Solank as wat godsdiens beperk is tot sekere plekke en tye dan voel ek dis genoeg. Dan het ek my omgee gewys, terwyl die koninkryksburger nie net omgee nie, maar die burger van die koninkryk offer homself, offer haarself. Die burger van die

koninkryk van God is waarlik met Romeine 12 verse 1-2 besig (2020 Vert)- *1 Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens.*
*2 Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.*

Daarom is my deelneem aan wat God se kerk is nie net ’n omgee vir die liggaam van Christus nie, maar ’n werklike offer wat *lewend, heilig en vir God aanneemlik is*. Dan is dit nie ’n kwessie van daar is maar net godsdiens in my lewe nie, maar my lewe is my godsdiens! Sinvolle godsdiens, die ouer vertaling praat van redelike godsdiens, die 1983 Vertaling praat van die wesenlike van die godsdiens ... dit bring jou by die tafel uit. Nie omdat ek maar net omgee en so ligtelik bekommerd is oor my kerk, my godsdiens, my ewige lewe nie, maar my kerk wees en dit wat die wêreld my bied is eintlik maar twee skinkborde wat ek graag my porsies van die lewe van al twee skinkborde wil afskep.

Terwyl Jesus die volmaakte sou wees, ook by hierdie derde groep vandag wat ons by die tafel van die Here baie ongemaklik mee moet wees. Hulle wat baie voorgee en daar is ’n omgee wat nie reg begrond is nie. Hulle omgee is nie ’n offer nie, hulle omgee is op die einde nie sinvolle godsdiens nie. Hulle staan daar op die stoep van Jesus se tydelike huis en wil hê Hy moet beter na sy gesondheid en sy werk kyk, kom doen eerder weer houtwerk. Nie dat dit nie ook werklik belangrik is nie, jou huis, jou gesondheid, jou werk, die belangrikheid daarvan mag ons nie uit die oog verloor nie, maar kyk na jou huis, jou gesondheid, jou werk, op ’n sinvolle manier en nie op die manier wat jy vir jouself wil uitwerk nie. Kom eers by die wesentlike van die geloof, by die wesentlike van die godsdiens uit en van daarúít sal jou kyk oor wat by jou huis, jou gesondheid en jou werk aanbetref ook heelwat anders lyk en beslis heeltemal anders aangepak word. Dan gee ek nie net om nie, maar ek is werklik lief vir God, lief vir sy Kerk en ook nou God se Nagmaal wat God vanuit sy kerk vir ons wil beteken.

AMEN

**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 22 - 30
Teks: **Markus 3: 22 - 23**
**Sing: VOORAF SANG –**
**TYDENS EREDIENS-**
**<u>Mattheus 3: 22-30</u>**

Mar 3:22 Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: "Hy is van Beëlsebul besete!" en "Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste dat hy bose geeste uitdrywe."
Mar 3:23 Jesus het hulle nader geroep en hulle met voorbeelde geantwoord: "Hoe kan die Satan die Satan uitdrywe?
Mar 3:24 As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;
Mar 3:25 en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin nie kan bly staan nie.
Mar 3:26 As die Satan teen homself in opstand kom en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde.
Mar 3:27 Bowendien kan niemand in 'n sterk man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan sal hy sy huis kan beroof.
Mar 3:28 Dit verseker Ek julle: Alles sal die mense vergewe kan word, al die sondige lastertaal wat hulle praat.
Mar 3:29 Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde."
Mar 3:30 Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het: "Hy is van 'n onrein gees besete."

**<u>Skriflesing:</u>** Markus 3: 22 - 30
Teks: **Markus 3: 22 - 23**
**Sing: VOORAF SANG –**
**TYDENS EREDIENS-**

Gemeente hierdie vierde benadering tot Wie Jesus was, is die allerverskriklikste wat daar seker kan wees? Jesus se vriende het ons voor Nagmaal gesien in hoe hulle met ’n omgee-liefde maar nie ’n ware liefde tot opoffering na Jesus gegaan het. Hulle wat dink Hy is onverantwoordelik teenoor Homself, Hy eet nie, Hy moet eerder Nasaret toe kom dat Hy gehelp kan word. Hulle was verkeerd, terwyl ons by Nagmaal wou kom met ’n liefde wat bereid is om te offer. Om as jou en my redelike godsdiens te wil doen wat Romeine 12 ons leer- *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.*

By nabetragting besef ons in die lewe wat ons nou weer moet ingaan, moet ek bereid wees om myself te gee, om werklik te offer, maar om dit te doen, moet ek God waarlik ken. Ons moet kan uitkom by die woorde in Johannes 17 vers 3 *3 En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.* Ons kan dit duidelik stel= Om die Seun van God en God die Vader te ken, is die ewige lewe. Daarom dat ons besef die verskriklikste wat kon gebeur is wat die probleem by hierdie vierde groepering van ons nabetragting vandag is. Hulle maak die verskriklikste van aantygings omdat hulle hoegenaamd

nie die Vader en nie die Seun van God ken nie.  Die groep wat gesê het Hy is van sy sinne beroof kan op ’n manier reggehelp word, maar wat doen Jesus met hierdie vierde groepering?

Hulle wat gesê het dat Jesus Beëlsebul in Hom het.  Watter verskriklike aantyging!  Beëlsebul wat of beteken here van die vlieë of here van die mishope.  Verskriklik die naam wat hulle vir die Here gegee het en dan om dit nog erger te maak dat Jesus met hulp van die owerste van die demone – dit is satan self – die bose geeste kan uitdryf.  ’n Beskuldiging wat daarop neerkom dat Jesus en Satan eintlik vennote is.  Wat dit so gevaarlik maak, dat alleen of God het mag oor die demone of die Satan het mag daaroor.  As Jesus dan demone uitdryf dan doen Hy dit met of die mag van God of met die mag van die Satan.  Dit is verskriklike wat die mense se benadering dan tot Jesus was.  Die skrifgeleerdes sou nie waag so ’n verskriklike beskuldiging teen Jesus te maak nie, maar hulle hits ander mense aan om hierdie beskuldiging te maak.  Die Skrifgeleerdes het op ’n manier geweet dit wat Jesus doen, is wonderlik en hulle kan op ’n manier nie daarteen gestry het nie.  Tog laat hulle ander mense toe en word ander selfs aangehits om hierdie verskriklikste van beskuldiging teen Jesus op te maak.

Ons besef van die ander benaderings tot Jesus kan ons onsself nog bekeer en doen wat Jesus van ons verwag.  Hierdie benadering wat nou hier gevolg word om Jesus Self van duiwelswerk te beskuldig lê op ’n vlak wat ons laat sidder.  Dadelik hiermee saam moet ons die groep wat kamtig vir Jesus omgee maar nie hulleself vir die koninkryk van God wil opoffer nie, nie so maklik verskoon nie. Dit is die onsinnige praatjies van Jesus se eie mense wat daartoe bygedra het dat Jesus se vyande Hom van die allerverskriklikste dinge kon beskuldig.  Daarom besef ons by hierdie nabetragting hoe versigtig moet ons wees oor wat ons van Jesus sê.  Dit wat verkeerd gesê word kan so maklik tot iets nog baie erger aanleiding gee, dit wat direk met Jesus gebeur het.  Hulle wat sê dat Hy van sy sinne beroof is, het eintlik die gronde begin gee vir hulle wat sê dat die duiwel in en deur Jesus werk.

Hoe opmerklik Jesus het dikwels in gelykenisse gepraat.  Ook in die allerverskriklikste omstandigheid gebruik die Here ’n gelykenis.  Dit is eintlik die eerste keer wat daar in Markus iets van ’n gelykenis na vore kom.  Aangrypend!  Hoekom sal Jesus nou in gelykenisse begin praat.  Dit gaan eenvoudig daaroor Hy het met mense te make wat hulle op hulle bose pad nie sal

omdraai nie.  Hulle het hul vierkantig teen die waarheid van wat Jesus verkondig wil verhard. Daarom dat Jesus gelykenisse gebruik dat hulle wat die waarheid nie wil hoor nie, dit vir hulle dan ook al moeiliker gemaak sal word om die waarheid te hoor en te verstaan.  By God kom die punt ook van nou klaar gepraat.  Nou gebruik Jesus gelykenisse dat hulle wat God wil dat hulle moet verstaan dat hulle sal verstaan, maar vir hulle wat nie wil verstaan nie dit ook al moeiliker sal wees om te verstaan.  Vir hulle sê Christus in werklikheid deur die gelykenisse klaar gepraat. Jesus vertel eintlik twee gelykenisse.  Die eerste is om te wys hulle argument is glad nie logies nie. As Satan self Satan uitdryf dan is hy mos teen homself verdeeld.  Dan verdeel hy sy eie mag. Dit maak mos nie sin nie.  Om die onlogiese van hulle argument duidelik te onderstreep wys Jesus deur die gelykenis van as ’n huis teen homself verdeeld is dan sal so ’n huis mos nie kan bly staan nie.

Hoe duidelik word die twee groeperinge van die lewe alreeds hier teen Jesus opgestel.  Ek is of vriend van Jesus, waar Jakobus, Jesus se broer, die geskiedenis al baie vroeg gaan haal – alreeds by Abraham-  Jak 2:32... *En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.*  Mag dit ons wees wat werklik met die harte wat wil offer vandag Nagmaal gevier het.  Tegelyk pasop vir daardie mense wat as vyande van Christus optree.  Hulle is baie gevaarlik en hulle word al meer!

AMEN